'n Bybelse Perspektief op Covid-19

Willem Badenhorst – Moreletapark Assosiasie

INLEIDING:

Die doel van hierdie artikel is om "geestelike" lig te werp op die Covid-19 pandemie wat soos 'n globale vloedgolf oor elke land en elke mens gespoel het. Ons dink na oor vrae soos, waarom is daar rampe in ons wêreld en wat moet die gelowige se reaksie daarop wees. Wat sê die Bybel oor rampe en pandemies en waartoe roep God sy kinders op in so 'n krisis tyd? In die artikel word aangedui dat hierdie nie 'n tyd is om volstruispolitiek te pleeg of om jou lig onder 'n emmer weg te steek nie, maar dit is 'n tyd waarin God sy kinders oproep tot aksie op alle sosiale vlakke van ons bestaan. Verder sal dit ook duidelik word dat 'n krisistyd soos hierdie groot geleenthede skep en dit moet nie vermors word nie, maar voluit benut word vir die Koninkryk van God. Maar kom ons begin eers by die werklikheid van rampe en pandemies in ons huidige bestaan.

DIE VERSKYNSEL VAN RAMPE EN PANDEMIES

Die verskynsel van rampe en pandemies is eie aan ons wêreld. Oor die eeue is die mensdom geteister deur skrikwekkende gebeurtenisse wat gewissel het in intensiteit en frekwensie. Vir ons doel kan 'n ramp gedefinieer word as 'n onverwagse ongeluk of 'n natuurlike katastrofe wat groot skade en lewensverlies tot gevolg het. 'n Pandemie is 'n ramp in die vorm van 'n siekte wat 'n land of selfs die hele wêreld teister.

Natuurlike en morele euwels.

Rampe van nasionale en internasionale omvang staan nie altyd los van menslike invloed nie. Daarom kan daar onderskei word tussen rampe as natuurlike euwels en as morele euwels. Natuurlike euwels beslaan dinge soos droogtes, oorstromings, siklone, tsunami's, aardbewings, brande, insekplae, en pandemiese siektes soos Ebola, Vigs en Covid-19. Mensgemaakte euwels op katastrofiese skaal is dinge soos oorlog, grootskaalse terrorisme soos ISIS, wat miljoene vlugtelinge tot gevolg het, biologiese oorlogvoering, en wêreld oorloë. Die onderskeiding tussen morele euwels en natuurlike euwels is nie altyd glashelder nie, omdat mense ook direk of indirek verantwoordelik kan wees vir dinge soos brandstigting, aardverwarming en die ontstaan van siektes. Selfs wat Covid-19 betref is ons steeds nie seker of die virus natuurlik ontstaan het en of dit in 'n laboratorium deur mense gekweek is nie.

DIE IMPAK VAN COVID-19 OP ONS WÊRELD

Vir die doeleindes van hierdie dokument gaan ons verder slegs op die huidige Covid-19 pandemie fokus. Covid-19 blyk weliswaar nie die grootste Pandemie te wees wat ons wêreld al getref het nie, omdat rampe soos die Swart Dood 100-200 miljoen sterftes tot gevolg gehad het in 1347-1351, die Pokke pandemie 56 miljoen in 1520 en die Spaanse Griep 50 miljoen sterftes in 1918-1919 veroorsaak het. Covid-19 se sterfte syfer het beslis nie so 'n groot omvang nie, maar die globale effek daarvan skud ons wêreld op baie vlakke. Dit is belangrik vir gelowiges om deeglik kennis te neem van elke gebied van impak van die pandemie omdat elkeen ter selfde tyd 'n bedieningsarea vir die liggaam van Christus word.

Fisiologies: Hoewel die siekte uiters aansteeklik is, is die sterftesyfer van diegene wat dit opgedoen het relatief laag, ongeveer 2,3 % volgens 'n studie van 72 000 gevalle deur Sjina se sentrum vir die beheer en voorkoming van siektes. Die vinnige verspreiding van die virus in akute gebiede het noodeenhede oorval. Duisende onbaatsugtige mediese werkers en veiligheidsbeamptes is die helde van ons tyd wat in lewensgevaar hulle medemens bly dien het. Dit is juis onder hierdie werkers waar gelowiges hulle getuienis uitleef deur hul medemens met die liefde van Christus te bly dien.

Op **sosiale gebied** het die inperking en distansiëring ons normale lewe op sy kop gedraai. Meteens is die oorgrote meerderheid van die wêreld bewoners met maskers vermom en het ons almal vir mekaar 'n potensiële bedreiging geword! Waar aanraking en kontak vriendskappe gebou het, het dit nou sosiale euwels

geword en kruip ons almal in ons huise weg soos kluisenaars. Ons eet, slaap en drink sosiale media. Wattsapp, Facebook, You Tube en internet het ons venster na die buitewêreld toe geword. Tog skep die sosiale media wonderlike geleenthede om mense op nuwe kreatiewe maniere te bedien. Deur die sosiale media kan ons in die huise en harte van mense inkom wat vroeër geslote was vir die evangelie. Baie gemeentes gryp hierdie geleenthede aan en bereik mense wat lankal van die kerk vervreemd geraak het!

Psigologies het die korona virus sy merk op die mensdom gelaat. Deur die daaglikse opdatering van statistieke het die dood homself sigbaar aan die mensdom kom opdring. Die mens se eie broosheid en sterflikheid het sterk op die voorgrond getree. Aanvanklik is almal oorweldig deur vrees vir die siekte, maar mettertyd het die konsekwensies van die inperking ons harder geslaan. Ons het nooit kon droom dat ons bekende wêreld so onverwags onder ons uitgeruk sal word nie! Die isolasie het die eensaamheid van baie persone vermeerder. Vaste sekerhede wat ons as vanselfsprekend aanvaar het, is skielik van ons weggeneem. Die vrees, onsekerheid, ontwrigting en verlies het die hedendaagse mens se soeke na vastigheid en sekerheid verskerp. Dit is juis in hierdie tyd dat ons getuienis van 'n almagtige liefdevolle Vader in die hemel in vrugbare grond kan val, want die grond is voorberei.

Opvoedkundig is ons kinders en studente uitgelewer aan 'n nuwe leermetode. As jy goeie internet het is jy gelukkig, maar dan moet jy konstante selfbeheersing aan die dag lê en die mas van akademie op jou eie uitklim. Jy is onrustig en onseker oor jou toekoms en wens dat alles net weer na normaal wil terugkeer. Die gesinstye saam is lekker, maar die onsekerheid van die “lockdown” bly ongemaklik. Onderwysers en dosente en vele ander se werkswyse verander ingrypend en ons raak vertroud met programme en applikasies wat ons nooit gedink het ons sal kan bemeester nie. Maar let op dat die moontlikhede van opleiding en toerusting via die kuberruim vir baie van ons in die grendeltyd 'n groter werklikheid geword het. Ons moet die ontsaglike potensiaal daarvan raaksien en beter ontgin!

Op **ekonomiese gebied** doen die Covid-19 pandemie by verre die meeste skade! Die streng inperkende regulasies het die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners van hulle daaglikse arbeid en inkomste ontneem. In baie gevalle het dit gelei tot armoede, honger, skuld, woede, paniek en frustrasie. Wat hou die grootste gevaar vir ons in, die virus of die groeiende resessie wat die inperking tot gevolg het? Grendeltyd het ons weer laat besef dat ons arbeid nie as 'n las moet beskou nie, maar as 'n voorreg en 'n gawe van God wat sin gee aan ons bestaan. Die hongersnood skep natuurlik ook geleenthede om ons medemens te dien en te help soos Jesus ons geleer het. Baie gemeentes dien dan ook in hierdie tyd lidmate en die wyer gemeenskap met kospakkies, maskers en komberse vir die winter.

Geestelik het die pandemie veroorsaak dat mense diep en ernstige vrae oor die lewe en oor God begin vra. Baie mense het meer tyd op hande en is tot stilstand geruk. Daar word gesoek na groter sekuriteite en hoop vir die toekoms. Gelowiges wonder, waarom gebeur hierdie dinge? Wat wil die Here hierdeur vir ons sê? Is dit straf vir sonde? Is dit 'n tyd van loutering? Hoe moet ons dit sien? Die Here se Woord is die lamp vir ons voet en die lig vir ons pad, ook in hierdie onseker tyd!

RAMPE EN PANDEMIES IN DIE BYBEL

Rampe en pandemies is nie 'n vreemde verskynsel in die Bybel nie. Die kinders van God kan troos, bemoediging en insig uit die Woord van God rondom hierdie saak put. Daarom gaan ons kortliks kyk wat die Bybel te sê het, in terme van rampe en pandemies in ons wêreld.

Die Ou Testament

Die eerste groot natuur ramp waarvan ons lees in die Bybel is die **sondvloed** vroeg in Genesis. Die mens se verdorwenheid en gewelddadigheid het so hand uit geruk dat God die aarde daarvan gesuiwer het deur 'n ontsaglike groot vloed.

Dan lees ons weer in Eksodus van die **tien plae** wat God oor Egipte laat kom het om sy volk uit die mag van die Farao te verlos. Die plae het groot natuurrampe ingesluit, maar ook pessiektes en sterftes. Dit was bedoel as oordeel teen die goddelose koning wat geweier het om God te eer en geweier het om God se volk te laat vrykom uit slawerny, Eks. 7-11.

In die boek Deuteronomium omskryf God sy **verbondsooreekoms** met sy volk. As hulle sy gesag eer deur sy Woord te gehoorsaam sal hulle uitermate geseën wees op alle vlakke van die lewe. As hulle God se opdragte verwerp deur ander gode aan te hang, sal die vloek hulle tref. Deel van hierdie vloek is plae en peste van siektes en epidemies, Deut. 28.

In die boek **Rigters** lees ons hoe die volk in die beloofde land telkens van die Here se opdragte afgewyk het en dan het God hulle oorgegee in die mag van hulle vyande. Hulle is onderdruk deur oorloë en rampe en wanneer dit baie sleg gegaan het, het hulle tot God gebid vir uitkoms. Dan het die Here vir hulle 'n gesalfde leier of rigter gestuur om hulle te red en terug te lei na Hom toe.

Gedurende die koningstyd laat **Dawid die volk tel** om te kan roem in die grootheid van sy eie mag. Die Here laat 'n pes oor die volk kom en 70 000 mense sterf. By Jerusalem sien Dawid hoe die groot engel met sy ontblote swaard verwoesting aanrig. By die dorsvloer van Arauna beveel God die engel om sy swaard te bêre en toe het die verspreiding van die pessiekte gestop. Daar by die dorsvloer bring Dawid toe 'n offer om die Here se Naam te verheerlik, 1 Kron. 21.

Die dorsvloer van Arauna is toe kort hierna aangewys as die plek waar daar die **tempel van die Here** gebou moet word. Nadat Salomo die tempel voltooi het, verskyn God een nag aan hom en sê vir hom die volgende woorde: ***"As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees." 2 Kron. 7:13-14***
Die Here maak dit duidelik aan Salomo dat wanneer daar weer so 'n nasionale ramp oor die volk kom, hulle hierdie bepaalde aksie moet neem. As hulle dit doen sal die Here vir hulle uitkoms bring.

So het dit ook gebeur dat die reuse groot leer van Assirië jare later die stad Jerusalem omsingel het en dit wou inneem. Koning Hiskia het die Here om uitkoms gesmeek en die Here het die een of ander plaag oor die vyand laat kom. Ons lees hoe die engel van die Here in een nag **185 000 Assiriese soldate** laat sterf het, sodat koning Sanherib sy aanval onmiddellik gestaak het en teruggekeer het na sy eie land toe. (Jesaja 37)

Gevolgtrekking
Uit hierdie Ou Testamentiese tekste en geskiedenis is dit duidelik dat ons God nie kan losmaak van die dinge wat op die aarde gebeur nie. Hy is op die troon, Hy regeer oor hemel en aarde. Niks kan sonder sy toelatende wil gebeur nie. Klaagliedere 3:32-33 sê: "Dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring" en dat Hy hom gou weer ontferm want sy liefde is groot. Tog bly lyding en swaarkry een van die belangrikste metodes waarop God sy kinders vorm en louter. Dawid getuig in Psalm 119:67-75 dat hy juis deur swaarkry geleer het om hom aan God se voorskrifte te hou. God se motief met straf is nie ruïnering nie, maar dissiplinering, soos wat 'n wyse vader met sy kinders doen, Spreuke 3:11-12. God is nie afwesig in tye van swaarkry en beproewing nie, maar Hy is by sy kinders midde in die vuur, net soos Hy by Daniël se drie vriende in die vuur was, Daniël hoofstuk 3.

Verder is dit ook so dat God Hom aan sy Woord hou en dat die slegte gevolge van 'n mens se sonde op sy eie kop sal afkom as hy aanhou om God se verordeninge en bepalinge te verwerp. Daniël se gebed vir sy volk in ballingskap bevestig dit, Daniël 9:4-14. God is immers die regverdige Regter van hemel en aarde.
Omdat God vol van genade is, sal Hy aanhou om die mens terug te roep na Homself, al is dit ook nodig om rampe en pandemies daarvoor te gebruik.

Die Nuwe Testament

In die Evangelies kom die vraag van **lyding, siekte en straf** ter sprake. Die dissipels vra vir Jesus of siekte en rampe altyd die gevolg is van spesifieke sondes wat mense gepleeg het en ons sien dat dit nie noodwendig so is nie. In Luk. 13:1-5 maak Jesus dit duidelik dat die mense wat gesterf het toe die toring van Siloam op hulle ingestort het nie méér skuldig was as al die ander inwoners van Jerusalem nie. Almal moet hulle tot God bekeer, maar God het tog 'n bepaalde doel met hierdie ramp gehad, naamlik om sondaars tot bekering te roep. CS Lewis het gesê dat lyding God se megafoon is waarmee Hy ons terug roep na Hom toe.

In Joh. 9 sien ons ook dat die man wat blind gebore is, nie deur sy eie sonde so was nie, maar dat God 'n groter doel daarmee gehad het, naamlik om mense wat geestelik blind is weer te laat sien deur die genesingswonder. Ons kan dus nie sommer 'n **direkte lyn trek tussen siektes, rampe en sondes nie.** Tog is die eerste ding wat ons moet doen wanneer ons in ellende beland, om onsself te verootmoedig en tot God te bid, soos die Here vir Salomo geleer het, 2 Kron. 7:14. Jakobus bevestig dieselfde gedagte, Jak. 5:13.

Lyding is iets waaroor Jesus dikwels gepraat het. Selfs Hy, as die Seun van God, het deur alles wat Hy gely het geleer wat gehoorsaamheid is, Hebr. 5:8. Die apostels het die gelowiges aangemoedig om te volhard midde in swaarkry en lyding omdat dit hulle geloof louter en hulle karakter vorm, Rom. 5:3, Jak. 1:2-4. Net soos vuur goud louter, louter swaarkry en lyding ons geloof, 1 Pet. 1:6-7.

'n Baie belangrike perspektief is Jesus se **profetiese uitsprake oor die eindtyd** en dat groot rampe en pandemies oor die aarde gaan toeneem soos die einde nader kom, Matt 24:1-14. Jesus het sy dissipels geleer oor die tekens van die tye en gesê dat daar oorloë, vervolging, aardbewings en 'n groot afvalligheid van God sal kom voordat die einde sal aanbreek. In Luk 21:11 lees ons onder andere dat *"...hongersnode en epidemies op baie plekke sal voorkom."* Dit moet dus nie vir ons vreemd wees wanneer daar rampe en pandemies oor die aarde kom nie. Ons Here het ons vooruit daarvan vertel en ons daarop voorberei.

Die boek **Openbaring skilder 'n donker prentjie van** plae en rampe wat oor die aardbewoners gaan kom in die eindtyd, omdat bykans die hele wêreld agter die Antichris gaan aanloop en hulle Here en Skepper sal verwerp. Die plae wat die engele oor die aarde uitgooi herinner sterk aan die plae van Egipte, maar hierdie keer net op globale skaal. Die eerste plae teister 'n kwart van die aarde se bronne en mense. Later word nog plae uitgegiet deur die engele wat een derde van die aarde se bronne en mense aantas. Die impak daarvan neem dus toe soos die einde nader kom. Hierdie plae is die straf van God oor die goddelose mense wat die bloed van die gelowiges vergiet en die Satan en sy bose geeste aangehang het. Dit is ter selfde tyd 'n oproep tot bekering soos Openb. 9:20-21 laat blyk: *"Die ander mense, wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie, het hulle egter nie bekeer nie. Hulle het aangehou met die aanbidding van bose geeste en van afgode wat hulle self gemaak het .... Hulle het hulle ook nie daarvan bekeer om moord, towery, onsedelikheid en diefstal te pleeg nie."*

Hieruit sien ons dat die dinge wat oor die aarde gaan kom nog baie gaan toeneem in intensiteit. Matt 24:22 sê, *"En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef het nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie tyd inkort."*

Gevolgtrekking

Uit die Nuwe Testament leer ons dat rampe en epidemies eie is aan 'n wêreld wat deur sonde aangetas is. Hierdie ingrypende gebeurtenisse konfronteer die mens met sy eie broosheid en sterflikheid. Vir die ongelowige is dit 'n oproep om tot inkeer te kom en om die reddende genade in Christus aan te gryp terwyl die geleentheid nog daar is. Vir die gelowige is dit 'n oproep tot 'n nuwe toewyding aan God.

Dit kan ook dien as tekens van die eindtyd en 'n herinnering dat ons gereed moet wees vir die wederkoms van die Here wanneer almal voor sy regterstoel gaan verskyn en Hy 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde aan sy getroue volgelinge gaan gee.

WAARTOE ROEP DIE HERE ONS DEUR DIE COVID-19 PANDEMIE?
Die Here roep elke gelowige tot spesifieke optrede en aksie in hierdie tyd. Ons roeping lê basies op vyf vlakke wat soos konsentriese sirkels na buite uitbeweeg. Die vyf vlakke is: persoonlik, gesin, gemeente, gemeenskap en land.

Persoonlik
Op persoonlike vlak is ons heel eerste prioriteit om na die Here toe te draai en tyd met Hom te spandeer. 2 Kor. 7:13-14 gee vir ons uitstekende leiding oor hoe ons as gelowiges ten tye van grootskaalse nood en rampspoed moet optree. Dieselfde opdrag wat die Here vir Salomo gegee het, is nog steeds op ons van toepassing vandag. Vier stappe word uitgelig.

Verneder julleself – dit is nodig om ons totale afhanklikheid van God in hierdie tyd te besef en te erken. Dit is nie die tyd om aan te gaan soos altyd nie, maar om tot stilstand te kom en laag te buig voor die Here van hemel en aarde. Hy is die een wat lewe en dood in sy hand hou. Hy is die Almagtige vir wie niks onmoontlik is nie. God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade. Dit is nou die tyd om myself voor Hom te verneder en Hom om genade te smeek!

Bid – praat met God! As daar een ding wat ons in hierdie tyd moet doen, dan is dit om te **bid**! Hoeveel mense het in die verlede na God uitgeroep toe hulle die dood in die oë gekyk het en die Here het vir hulle uitkoms gebring! Die Here het vir ons soveel beloftes van gebed gegee, dit is nou die tyd om daardie beloftes aan te gryp, dit voor Hom in die gebed te lê. *Ps. 50:15 "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer."*

Soek My aangesig – die Hebreeus vir gesig (*panim*) word dikwels met "teenwoordigheid" vertaal. Wanneer ons God se gesig soek, soek ons sy teenwoordigheid. Ons klop aan sy deur want ons begeer kontak met Homself. Dus, neem die tyd om met God besig te wees, deur gebed en deur sy Woord, totdat jy beleef, Hy is inderdaad persoonlik by jou teenwoordig. Jak. 4:8 sê: *"Nader tot God en Hy sal tot jou nader..."* - dit is nou die tyd om naby aan God te kom, omdat ons sy hulp so ontsettend nodig het.

Bekeer jou van jou verkeerde weë – hierdie is by uitstek ook 'n tyd van selfondersoek en van regmaak met God en met my medemens. Wanneer die dood so naby aan ons kom, durf ons nie speletjies speel nie! Ons staan op die drumpel van die ewigheid! Dit is nou die tyd om te vra, Here is daar iets in my lewe wat U Gees bedroef? Is daar opstand teen U Woord? Is daar iets wat ek moet regmaak wat verkeerd is in U oë?

Ons het die wonderlike gawe van die **bloed van ons Here Jesus** waardeur ons vergifnis van sonde ontvang, ons moet egter daardie sonde opreg bely en daarvan wegdraai deur die krag van die Heilige Gees. Bid hierdie gebed saam met Dawid: **Psalm 139: 23-24** *"Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!"*

Gesin
Hoewel die grendeltyd ons so ver as moontlik by die huis wil inperk en sosiale distansiëring vereis, gebeur die teenoorgestelde binne gesinne wat saam tuis is - hulle groei nader aan mekaar! Hierdie is 'n Godgegewe geleentheid om ons onderlinge gesinsbande te versterk op 'n verskeidenheid van kreatiewe maniere. Dit is veral 'n goue geleentheid om ons "gesinsaltaar" weer op te bou, waar ons saam as gesin tot die Here nader, sy Woord saam lees en oordink en onsself opnuut aan Hom toewy. Kom ons benut dit ten volle!

Gemeente
As gelowiges is ons ook geroep om sorg te dra vir ons geestelike familie in dié tyd. As ons weet van mede-gelowiges wat een of ander nood beleef, moet ons help waar ons kan binne die toelaatbare regulasies. Ons

kan help met voedsel, inkopies, raad, inligting, data, gebed, bemoediging, ens. Daar is ook gemeentes en organisasies met verskeie hulp-projekte waarby ons betrokke kan raak om verligting te bring. Jesus het gesê: *"Vir sover julle dit aan die geringste van hierdie broers (en susters) van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Matt. 25:40*

Gemeenskap

Ons is ook geroep om in ons wyer gemeenskap die liefde van ons Here uit te leef. Oor die eeue het die kerk van Christus uitgereik na medemense in nood met onbaatsugtige liefdesdiens en dit het baie soekendes by God uitgebring. Ons het ook 'n belangrike getuienis taak om die hoop wat in ons lewe te deel met hulle wat sonder God en sonder hoop in hierdie wêreld is. Hierdie noodsituasie het 'n groter openheid by kerklos mense gebring. Dit is nou die tyd om lig en sout in ons wêreld te wees!

Land

Ons steun alle pogings van die regering om die epidemie te beheer en weer orde in ons samelewing te herstel. Ons glo siviele gesag is deel van God se orde (Romeine 13:1-7) en ons bid dat God aan hulle wysheid sal gee met moeilike besluite in hierdie tyd, 1 Tim 2:1-4. Kom ons bid veral vir ons president en sy kabinet dat die Here onder hulle almal mag werk om op Hom te steun vir leiding, wysheid en uitkoms.

SAMEVATTING:

Hoewel rampe en pandemies deel is van ons gevalle wêreld, is dit altyd 'n oproep om terug te keer na God toe en om by Hom te skuil. Elke krisistyd skep geleenthede om die mensdom in sy nood te dien en op die liefde van Christus te wys. Let daarop dat dit 'n venster van geleentheid is, wat ook weer sal verbygaan. Daarom is dit is nou die tyd om die saad van die Evangelie in vrugbare grond te saai en te bid vir die oes om in te kom! Mag die Here ons help om die geleenthede raak te sien en om sy koninkryk op innoverende maniere te bou in 'n tyd van beslissing. Laat ons medewerkers van God wees wat HOOP bring en die onwankelbare koninkryk van God vestig in 'n tyd wat al die ander dinge begin wankel!

Willem Badenhorst
Uitvoerende Direkteur: Moreletapark Assosiasie (mpa)
Pretoria
Julie 2020